# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

**28 September 2025**

## Gasvryheids-bediening Tee/koffie

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in KOSMOS in die kerksaal. Dankie aan Elisma Lotz en span!

## Gebedsonderwerpe

- Die NG Kerk se bediening onder die Jode: bid vir die werkers – vir wysheid en ywer, dat die saad op vrugbare grond sal val, vir hulle beskerming en dat daar nuwe geleenthede met Joodse jongmense sal oopgaan.
- Helderberg Uitreik se Bybelverspreidingsprojek: Bid vir genoeg voorsiening dat hulle Bybels kan verskaf aan elkeen wat dit nodig het en dat elke Bybel die ontvanger se hart sal aanraak.
- Bid dat die uitsendings van Feba radio in die Oekraïne gelowiges sal versterk en bemoedig in 'n baie moeilike tyd. Bid ook vir die personeel, dat hulle sal vas staan in die geloof.
- Die beplanning en voorbereidings vir die Kersmark. Bid dat almal goed sal saamwerk en dat daar vir elke moontlike probleem ook 'n oplossing sal wees.

***Epos: hannetjiegericke@gmail.com***


# BORG

**van die maand**

Deon Labuschagné

021 852 1612

LAPPIES SPIT-BRAAI KING

**Bespreek nou vir jaareindfunksies en spanbou.**

info@spitbraaiking.co.za


## SEP se deurkollektes

07 Sep: Gemeentebediening - R1 697
14 Sep: Caritas – R1 275
21 Sep: Nepal – R1 635
28 Sep: Sinode Hospitaalbearbeiding

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 25 September om 10:00

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

# Oggenddiens 09:30

Baie welkom in die erediens vandag. Jesaja het al eeue terug gesê dat die volk sal kyk en niks sien nie en luister en niks verstaan nie. Ons besig raak met vandag se skrifgedeelte wil ons leer dat 'n nuwe lewe soos die Here ons belowe, begin by bekering, want bekering leer ons ánders kyk en ánders luister. Dit bring ons die vermoë om raak te sien wat die Here ons wil wys en ons dan aanspoor om iets aan die nood van die wêreld te doen. Mag ons saamwees in die teenwoordigheid van die Here rondom die leesroosterteks uit Lukas 16:19-31, vir ons elkeen tot vreugde, vrede en aansporing tot gehoorsaamheid dien.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 09:15 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik. Die skakel na die erediens sal kort voor die aanvang van die erediens, daar beskikbaar wees.

## Meditatiewe diens: 28 September om 08:00

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
01 Okt 10:00 Patmos
**Aande: weekliks**
01 Okt 18:00 Patmos

## Gebedsgroep Woensdae

1 Okt om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Jan Mynhardt,** bell's palsy: tydelike gesigsverlamming.
- **Cobus Malan**, knie-vervanging 23/9.
- **Marthie Groenewald,** sterk aan na voetoperasie.
- **Cecile vd Poel,** sterk aan na rugoperasie.
- **Klaas Holtzhausen,** herstel na hospitalisasie.
- **Dolly Kotze,** herstel na hospitalisasie.
- **Petro le Roux,** sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Stephan J v Rensburg,** chemoterapie.
- **Corrie Swanepoel,** broos.
- **Chellé vd Merwe,** broos.



*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

# BEROEPING

## *Kennis geskied hiermee dat die kerkraad Ds Willem Sauer van NGK Tsitsikamma na ons gemeente beroep het.*

Agtergrondinligting:

- 12 Jaar getroud met Jeanri (Dippenaar).
- Hulle seun Dawid, is 10 jaar oud.
- Vanaf 2016 voltyds leraar by NGK Tsitsikamma, 2014 – Zeerust-Noord.
- Tans 11 jaar in die bediening.
- Kwalifikasies: Magister Divinitatis, Baccalaureus Artium Honores Teologie.
- Sertifikaat: "Trauma Incident Reduction".
- Voorsitter van die Humansdorp kantoor van die CMR (Christelike Maatskaplike Raad). Ondersteun maatskaplike werkers in hul poste en bestuur die kantoor saam met die Bestuursraad.
- Pastorale bediening is 'n persoonlike belangstelling.
- Fokus op goeie en gesonde verhoudings.
- *"Ek is 'n lojale toegewyde persoon wat my verantwoordelikhede ernstig opneem. Ek is 'n rustige en kalm persoon wat stabiele omgewings om my skep. Vir my is konflik nie die oplossing nie en sal ek dus soek vir 'n gemeenskaplike oplossing waar harmonie kan seëvier. Ek benader situasies versigtig en neem nie oorhaastige besluite nie. Om effektief te wees vergewis ek myself van soveel as moontlik inligting om moeilike situasies te hanteer en om 'n span te lei. Ek let op na diegene wat uitgelaat voel en doen moeite om hulle deel van die groep te maak. Ek glo dat 'n tuiste geskep moet word waar 'n gemeenskap van gelowiges deur die liefde van God gevorm word om in harmonie met mekaar te leef. Streef na God se vrede en moenie weier om daardie vrede te weerhou van ander nie".*

# Kategese: 28 Sep 25

## Junior kategese: Voorskool – Gr 6

- **Voorskool: tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.**




Goud, swart, rooi, wit, groen

God sorg vir my:

*Die nota aan die aanbieder: Raak die week bewus van die grootheid van God en hoe Hy vir ons* ***sorg****.* Ek raak bewus van hoe God **sorg**. Enkosi (2 maande oue baba) is van Sondagaand af in die hospitaal met longontsteking. Tania sit op 'n stoel langs hom tot Donderdag wanneer hulle huistoe kom. Ek is op my eie en **sorg** vir die twee ander babas (4 maande oud). Ek het griep, wat maak dat niemand kan kom help nie, die babas het ook griep. My maagspiere is seer van al die hoes. Duidelik nie fiks genoeg om siek te word nie. Ek is verwonder oor God se **sorg**. 'n Dokter vriend kom sien die babas by die huis, mense dra kos aan. Die yskas het nou oorskiet brood in. **Oorvloed sorg**. My wêreld is nie baie groot nie, maar God se sorg vul dit in geheel. Ek vertrou dat die kleuters Sondag ook verwonderd sal wees oor hoe God vir hulle sorg.

***Matt 14:20 "Al die mense het genoeg geëet en genoeg gekry, en hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak…"***

**Graad 1–6: tydens die erediens in Patmos in die kerksaal.**




God se Boek van wêreldrekords

Moontlik of onmoontlik?

Kan jy 'n hardgekookte eier op sy punt balanseer? Moontlik. Kan jy jonger word? Onmoontlk. Kan iemand uit die dood opgewek word? Onmoontlik, is die logiese antwoord. Die kinders gaan met 'n rol toiletpaier die verhaal van Lasarus weer beleef en dan weer die kans kry om uit te vind wie Jesus werklik is. ***Joh 11:44 " Die oorledene het uitgekom. Sy hande en voete was nog toegebind met grafdoeke en sy gesig met 'n kopdoek."***

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

- **Graad 7-9: na die erediens in die konferensiekamer in die kerksaal.**

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**

- **Graad 10-12: na die erediens in Ds Johan se kantoor in die kerksaal.**

**Belydenisklas Kategeet: Ds Johan van Niekerk (082 442 9622)**

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

**3 Oktober 2025** in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

## KARWAG / SEKURITEITSWAG

Ons het opgemerk dat daar die afgelope paar Sondae 'n selfaangestelde karwag/sekuriteitswag op Sondae na kerk by die uitgangshek in Dirkie Uysstraat verskyn. Siya is ons gemeente se enigste amptelike karwag op Sondae en hy word vergoed vir die tyd wat hy op 'n Sondag op die kerkterrein diens doen. Ons wil daarom 'n beroep op gemeentelede doen om nie enige karwag Sondae na kerk te vergoed nie.

## Die BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

kom op Donderdag, **2 Oktober 2025**
om **09:50** by die
NG Moederkerk in Andries Pretoriusstraat
in Somerset-Wes bymekaar.
**Me Melissa Davida**, Marine-bioloog
sal by hierdie geleentheid met ons gesels oor
die impak van klein seediertjies op die seelewe.
**Emma Salt**, Altviolis, sal ook
by die geleentheid optree.
Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie,
verversings en goeie geselskap
vanaf 09:15. Almal welkom.
Bywoningsgelde vir lede: R20 / besoekers: R30
Naas du Preez Sel: +27 82 804 1729
E-pos: [dupreez022@telkomsa.net](mailto:ndupreez022@telkomsa.net)



## BESTUURSGROEP

Vergadering: Maandag, 29 September om 16:00 in die konferensiekamer.

Onthou dat eredienstye vir die somer verander vanaf Oktober:

- Meditatiewe dienste – 07:30
- Oggenddienste – 09:00

## HELDERBERG SENIOR KLUB

| | |
|---|---|
| *BYEENKOMS:* | Dinsdag, 7 Oktober 2025 |
| *PLEK:* | NG Kerk Helderberg, Firmountweg, SW |
| *TYD:* | 09:00 Tee en verversings<br>09:30 Samesang en program |
| *TEE:* | Lede: R10-00; Besoekers: R20-00 |
| *SPREKER:* | Spreker: Christie Fourie, kom vertel van hul toer deur Nieu-Seeland |

Ons nooi alle afgetredenes hartlik uit na ons byeenkoms.

***Almal baie welkom!***

Navrae: **Apolonia Maritz**

**021-8537560 / 0825077091**



# Jeanri, Dawid & Willem

**Stappe :**

- Skriftelike bevestiging is ontvang van die verteenwoordiger van die Ring van Somerset-Wes / gemeente konsulent dat die kerkraad aan al die vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen het.
- Kennis van beroep is aan die Kerkbode deurgegee.
- Naam van beroepene word op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir goedkeuring bekend gemaak.
- Na verstryking van twee weke word die beroepsbrief / diensaanbod aan die beroepene gestuur.
- Beroepene het hoogstens 14 dae na ontvangs om daarop te antwoord.